


21 Movies



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Pay it Forward

Galasiërs 6:9

Trevor, die hoofkarakter in Pay it Forward, ontvang die klas opdrag om iets te doen wat 'n verskil in die wêreld sal maak. Sy plan?

“Ek doen goed aan drie mense. Wanneer hulle my wil terugbetaal, sê ek vir hulle om eerder iets goeds vir drie ander mense te gaan doen. To pay it forward. So word nege mense gehelp. So word nege mense gehelp. Daardie nege mense moet dan

elkeen weer drie mense gaan help. So word 27 mense gehelp. Dan 81 ... 243 ... 729 ... 2187 ... Sien julle hoe kring dit al wyer uit?”

Trevor begin inderdaad sy plan uitvoer, maar hy self sien nie die resultate nie. Deur hom beleef vele mense egter 'n pay it forward-oomblik in hulle lewe, onder andere 'n joernalis. Dan sterf Trevor tragies terwyl hy iemand help.

**Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.**

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

**Sy dood word oor televisie bekend gemaak. En mense wat pay it forward-oomblikke beleef het, daag van heinde en ver op om hulde aan Trevor te bring. Hy was goehartigheid - soos Christus dit verstaan.
(Bybel 24/7)**